

## Getuienis: Bemagtig deur die Gees



---

### Sabbatmiddag

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Joh. 15:26 en 27, Hand. 2:41 en 42, Hand. 8:4, Heb. 4:12, Hand. 17:33 en 34, en Hand. 18:8.*

#### Geheetekes:

“Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig” (*Handelinge 4:31, NAB*).

**D**it het seker na 'n onbegonne taak gelyk toe Jesus die opdrag gee: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (*Mark. 16:15, OAB*). Hoe gaan hulle dit ooit gedoen kry? Hulle is dan so min en hulle hulpbronne uiters beperk! Om alles te kroon is hulle ongeletterd. Doodgewone mense. Gelukkig het hulle 'n buitengewone God aanbid, Een wat hulle vir hierdie buitengewone taak sou bemagtig. Let op Jesus se woorde aan hulle: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld” (*Hand. 1:8, NAB*). Dié bemagtiging deur die Gees sou hulle in staat stel om die boodskap van die kruis met die soort krag te verkondig wat lewens verander en die wêreld transformeer. Die Heilige Gees het hul getuienis doeltreffend gemaak. Binne enkele dekades het die evangelie inderdaad ook 'n impak op die ganse wêreld. *Handelinge* sê dat hierdie eerste gelowiges “die hele wêreld in beroering gebring” het (*Hand. 17:6; NAB, tydvorm aangepas*). Die apostel Paulus noem by 'n ander geleentheid dat die evangelie “aan al die mense op die aarde verkondig is” (*Kol. 1:23, NAB*). In hierdie week se les fokus ons veral op die rol van die Heilige Gees in die bemagtiging van gelowiges om te getuig vir Christus.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Augustus.*

## Jesus en die belofte van die Heilige Gees

Met hierdie belofte – dat hulle die Heilige Gees sal ontvang – verdryf Jesus die dissipels se vrese oor sy komende weggaan en hemelvaart. “‘Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan,’” sê Jesus, “‘want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur’” (*John 16:7, OAB*). Die Koine-Grieks wat hier as “Trooster” vertaal word, is *paráklētos*, wat helper beteken. Dit verwys na “een wat aan iemand se sy is” of “een wat bystaan” – m.a.w. iemand wat hulp verleen. Een van die hoof funksies van die Heilige Gees is om elke gelowige by te staan, om ons te bemagtig en te begelei in ons getuienis vir Christus. Wanneer ’n mens dus vir Jesus getuig, is jy nie alleen nie. Die Heilige Gees is aan jou sy en lei jou na persone wat opreg na die waarheid soek. Reeds voor ons hulle ontmoet, berei Hy hulle harte voor. Die Gees wys ons wat om te sê, bring die soeker tot oortuiging, en versterk hom of haar om op sy influisteringe ag te slaan.

**Lees Johannes 15:26 en 27, asook Johannes 16:8. Wat sê hierdie verse vir ’n mens oor die Heilige Gees se rol in getuienislewering?**

---

Die Heilige Gees getuig of lewer getuienis van Jesus. Sy hoofdoel is om soveel as moontlik mense na Jesus te lei. Sy sending is om Jesus te verheerlik. In hierdie hoedanigheid bring Hy elke gelowige tot ’n pligsbesef, naamlik dat ons vir Jesus moet getuig. Dit is Hy wat ons oë oopmaak; wat maak dat ’n mens al die evangelisasiemoontlikhede in die mense wat jy teëkom, raaksien. Die Gees werk agter die skerms om soekers ontvanklik vir die blye boodskap te maak.

In die Evangelie van Johannes stel Jesus dit so duidelik. Hy “‘sal Hy die wêreld oortuig van sonde’” (*hfst. 16:8, OAB*). Met ander woorde, Hy beweeg harte tot die diepere besef van hul vervreemding van God en hulle behoefte aan bekering en berou. Die Heilige Gees oortuig ook die wêreld “van geregtigheid” (*OAB*). Die Heilige Gees bring nie net alle sonde aan die lig nie, Hy lei ons ook in die weë van geregtigheid. Hy openbaar die heerlikheid van Jesus se geregtigheid, sodat ons besef hoe ons eie sondigheid daarteenoor afsteek. Tog is die uitwys van die omvang van ons sondigheid nie al wat die Gees doen nie. Nee, Hy toon bowenal die goedheid, goedhartigheid, medelye en liefde van Jesus; en herskep ons na daardie volmaakte beeld. Om te getuig, is bloot om saam met die Heilige Gees te werk om Jesus te verheerlik. In die krag van die Gees, en onder Sy begeleiding, getuig ons van hierdie wonderbare Christus wat ons lewens heeltemal verander het.

**Wanneer dit by ’n passie vir sielredding kom, moet ’n mens deurentyd besef dat dit nie die gelowige is wat bekering bewerkstellig nie. Slegs die Gees kan dit doen. Waarom moet ’n mens dit altyd voor oë hou?**

## 'n Kerk bemagtig

Handelinge word soms, tereg, “Die Handelinge van die Heilige Gees” genoem. Dit is ’n opwindende avontuur in die wêreld van getuieis, evangelisasie en kerkgroei. Handelinge is die verhaal van gelowiges – geroepe en toegewyd, gevul met die Heilige Gees – besig om vir Christus ’n impak op die wêreld te maak. Hulle was heeltemal afhanklik van die Heilige Gees ten einde te doen wat menslik onmoontlik was. Hulle is ’n uitstekende voorbeeld van wat die Heilige Gees deur mense wat met oorgawe aan Hom gewy is, kan vermag.

**Lees die volgende gedeeltes uit Handelinge – 2:41 en 42, 4:4 en 31, 5:14 en 42, 6:7, en 16:5. Wat beïndruk jou die meeste in hierdie skrifgedeeltes? Watter boodskap probeer Lukas (die skrywer van Handelinge) hier tuisbring met die uitstippel van die kerk se groei?**

---

---

Met die skryf van Handelinge het Lukas ten doel gehad om die bediening van die Heilige Gees in die vroeë Christelike kerk met elke bybelleser te deel. Lukas huiwer ook nie om statistiek aan te haal nie. Hy doen dit ten einde die kragtige uitwerking van die Heilige Gees in die eerste eeu na Christus aan te toon. Hier sien ’n mens dat die apostel inderdaad op die doopsyfers gelet het. In Handelinge 2:41 noem hy o.a. pertinent dat 3,000 mense by dieselfde doopdiens gedoop is. In hoofstuk 4:4 praat hy van 5,000 mans wat gedoop is. In hoofstuk 5:14 kom daar menigtes na Jesus en massabekerings en -doop vind plaas.

Soms was daardie suksesse die bekering van ’n enkele persoon, soos die purperverkoopster Lidia; of die Filippensiese tronkbewaarder; of die besete slawemeisie; of selfs die ontmande Etiopiese hofampenaar. Tog neem Lukas kennis van hierdie verwickelinge, groot en klein. Hy boekstaaf hoedat die Gees in hierdie mense se harte gewerk het. Die punt hier is dat hierdie massabekerings en hoë doopsyfers ook die verhaal van die individu is, en dat elkeen ’n kind van God was vir wie Jesus Christus gesterf het. Ja, die hoë bekering- en doopsyfers is weliswaar indrukwekkend. Om vir Christus te getuig, geskied egter – op die keper beskou – van mens tot mens (vandaar die Afrikaanse begrip persoonlike bediening). Nuwe gemeentes is gestig ten einde die snelle groei van die Nuwe Testamentiese kerk te bevorder. Die ongekende groei van die vroeë Christelike kerk is inderdaad deels toe te skryf aan die onverpoosde stig van nuwe gemeentes. Wat ’n belangrike les vir die hedendaagse gelowige!

**Die Nuwe Testamentiese kerk het haarself op sendingwerk toegespits. Hoe kan ons as moderne gelowiges verseker dat die plaaslike gemeente ook sending-gerig is?**

## Die Heilige Gees en ons getuienis

Regdeur Handeling sien 'n mens die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees. Hy het vir, en deur, die destydse gelowiges gewerk; terwyl hulle op uiteenlopende maniere vir Christus getuig het. Die Gees het hulle versterk ten einde al die beproewinge en uitdagings wat 'n mens se getuienis in 'n vyanddiggesinde kultuur kortwiek, die hoof te bied. Die Gees het hulle na opregte soekers gelei, na persone wat waarlik die waarheid begeer het. Die Heilige Gees het die harte van ganse stede se inwoners op die evangelie voorberei nog voordat die gelowiges daar aangekom het. Die Gees het deure geopen en geleenthede geskep waarvan die kerk nie eers kon droom nie. Danksy die Gees is vanmelewe se gelowiges in woord en daad bemagtig.

**Lees die volgende teksverse in Handeling – hfste 7:55, 8:29, 11:15, 15:28 en 29, asook 16:6-10. Hoe het die Heilige Gees die getuigende dissipels in elk van hierdie teksverse/skrifgedeeltes bygestaan? Met ander woorde, watter soort dinge het die Heilige Gees in die onderskeie situasies vermag?**

---

Dit is wonderbaarlik hoe kaleidoskopies die Heilige Gees se bediening in die eerste eeu na Christus was. Die ervarings waarna ons so pas gekyk het, is maar enkele voorbeelde van alles wat die Heilige Gees destyds verrig het. Dink net aan die wyse waarop Hy vir Stefanus versterk het, omring deur 'n wrede en oproerige skare wat hom letterlik stenig. Dink aan die wonderbaarlike wyse waarop die Heilige Gees vir Filippus tot by 'n invloedryke, waarheidsoekende Ethiopiër gelei het, wat die weg vir die verkondiging van die evangelie in Afrika gebaan het. Dink ook aan die oomblik toe Petrus deur die influistering van die Gees 'n teken ontvang dat die nie-Joodse gelowiges ook nou die gawe van die Heilige Gees ontvang het. Dink net aan die wyse waarop die Gees die kerk verenig het, en dit in 'n tyd toe dit so maklik oor 'n kwessie soos die besnydenis kon geskeur het. Dink laastens ook aan die Gees wat die weg gebaan het sodat Paulus die evangelisering van die ganse Europa kon begin het. Die Heilige Gees was aktief in die Nuwe Testamentiese kerk en is steeds aktief in die hedendaagse kerk. Hy begeer om ons te bemagtig en te versterk, om ons te rig en te onderrig, en om ons te verenig en op die belangrikste sending ter wêreld uit te stuur – om mense na Jesus en sy waarheid te lei. Die punt is, Hy is steeds aktief en vermag steeds dinge, net soos in die tyd van die apostels en die vroeë Christelike kerk.

**Wat kan ons daagliks doen om onself meer tot die beskikking van die krag van die Heilige Gees te stel? Hoe kan 'n mens reg kies, sodat Hy in en deur jou kan werk?**

---

## Die Heilige Gees, die Woord en getuienisse

Die Nuwe Testamentiese kerk se getuienis vir Christus het die Woord van God as grondslag gehad. Petrus se pinksterpreek, waarin hy bewys het dat Jesus die Messias is, was boonop grotendeels uit die Ou Testament; en Stefanus se laaste getuienis voor sy dood is basies Israel se Ou Testamentiese geskiedenis in 'n neutedop. In Petrus se getuienis voor Kornelius-hulle noem hy “dat God aan Israel sy woord gestuur het” (*Hand. 10:36, NAB*), waarna Petrus die opstandingsverhaal met sy gehoor deel. Die apostel Paulus het baie dikwels na al die groot Messiaanse profesieë verwys. Let ook op Filippus wat met groot omsigtigheid die betekenis van die Messiaanse profesie in Jesaja 53 aan die soekende Ethiopiese staatsamptenaar verduidelik het. In al hierdie voorbeelde sien 'n mens telkens hoe die apostels van ouds die Woord van God verkondig het, en nie hulle eie nie. Die Geesgevolle Woord van God was hulle gesag.

**Lees die volgende gedeeltes uit Handeling – hfst. 4:4 en 31, hfst. 8:4, hfst. 13:48 en 49, hfst. 17:2, asook hfst. 18:24 en 25. Wat leer ons hieruit oor die verband tussen die Heilige Gees, die Woord van God en die Nuwe Testamentiese kerk se getuienis vir Christus?**

---

Die Woord van God is deur die Heilige Gees ingegee, en dieselfde Gees werk deur daardie Woord om lewens te verander. Die Woord is vol lewensgewende krag juis omdat dit, deur die Gees, die lewende Woord van Christus is.

**Lees 2 Petrus 1:21 en Hebreërs 4:12. Waarom is die Woord van God so 'n kragtige transformeerder van lewens?**

---

“Dieselfde skeppingskrag wat wêreld in die lewe geroep het, is ook in die Woord van God te vinde. Hierdie Woord skenk krag. Dit is lewegewend. Elke bevel daarin is 'n belofte, 'n belofte wat 'n mens aanvaar en kies om jou mee te vereenselwig, en wat lewe van die oneindige God bring. Dit transformeer jou wese, en herskep jou van binne na die beeld van God” (Ellen G. White, *Education*, bl. 126).

Die rede waarom die Bybel sulke ongelooflike transformerende krag het, is omdat die dieselfde Heilige Gees deur wie die Bybel in die eerste plek ingegee is, ook sy influistering aan die leser skenk en in hom/haar 'n verandering teweegbring. Namate ons die Woord van God met ander deel, werk die Gees in hul lewens, en dit gebeur deur dieselfde Woord wat Hy aan die bybelskrywers gegee het. Die Here het belowe om sý ingefluisterde Woord te seën, en nie ons eie nie. In die Woord van God is krag, en nie in die bespiegelings van die mens nie.

## Die lewensveranderende krag van die Heilige Gees

'n Noukeurige studie van Handelingte toon hoedat God deur sy Gees wonderwerke in mense se lewens verrig. Dié bybelboek is 'n gevallestudie – van die evangelie wat oor kulturele vooroordeel triomfeer en wat lewenslange, ingeburgerde gewoontes verander, en van hoe die ganse mensdom in die genade en waarheid van die Here onderrig word. Waar hy hom ook al bevind, dít is waar die Heilige Gees die mens ontmoet. Hy vind mans en vroue daar, én neem hulle boonop verder. Ja, in sy teenwoordigheid word die mens verander, word die individu se lewe getransformeer.

**Lees die volgende gedeeltes in Handelingte – hfst. 16:11-15 en verse 23-34; asook hfst. 17:33 en vers 34; en hfst. 18:8. Hierdie is slegs enkele van die bekeringsverhale in die Bybel. Wat leer ons uit die onderskeie verhale oor die krag van die Here om lewens te verander – ongeag verskille in stand, agtergrond of omstandighede?**

---

Die soort mense in hierdie skrifgedeeltes verskil in vele opsigte van mekaar. Lidia was byvoorbeeld 'n welgestelde sakevrou en bekeerling tot die Joodse godsdienst, terwyl die Filippensiese tronkbewaarder 'n middelklas Romeinse staatsamptenaar was. Die Heilige Gees kan mense van alle lewensterreine bereik. Ja, die Gees se transformatiewe krag bereik mans en vroue, ryk en arm, geletterd en ongeletterd. Die laaste twee karakters op ons lys is ewe merkwaardig. Handelingte 17:34 praat van die bekering van Dionysius die Areopagiet. Die Ateense Areopagiete het die destydse regters in 'n raadgewende hoedanigheid tydens hofsake bedien. Hulle was dus prominente lede van die Griekse samelewing, mense met aansien. Deur die krag van die Heilige Gees het Paulus se bediening selfs die boonste gestoeltes van sy tyd bereik. Crispus (*Hand. 18:8*) was die leier van die Joodse sinagoge. Hy het streng by die Joodse, Ou Testamentiese idees gehou. Tog het die Heilige Gees tot hom deurgedring en sy lewe verander. Hierdie gevallestudies uit die Nuwe Testament toon iets belangrik: namate ons getuig vir Christus en sy Woord met ander deel, sal die Heilige Gees merkwaardige dinge in die lewens van mense doen; mense met uiteenlopende agtergronde, kulture, vlakke van skool- en universiteitsopleiding, en geloofsoortuigings. Ons kan nie en moet ook nie allerhande aannames maak oor wie bereik kan word en wie nie. Ons taak is om aan alle mense, en aan elkeen wat oor ons pad gebring word, vir Christus te getuig. Die Here sal die res doen.

**Christus se dood was universeel, m.a.w. dit was vir elke mens wat nog ooit op aarde geleef het. Wat behoort ons uit hierdie uiters belangrike waarheid te leer, betreffende die verkeerde siening dat party mense “te vêr heen is” om gered te word en om dus die verlossingshoop te smaak?**

## **Vir verdere studie:**

Lees Ellen G. White se “The Gift of the Spirit” op bl. 47-56 in *The Acts of the Apostles*, en “Let Not Your Heart Be Troubled” op bl. 667-672 in *The Desire of Ages*. Die Heilige Gees werk saam met die Vader en die Seun ter uitvoering van die verlossingsplan. Deur al die aktiwiteite waarmee ons vir Christus getuig, sluit ons by Hom aan in sy groot sending – die verlossing van die mens. Dit is Hy wat mense tot oortuiging bring, Hy wat deure open en geleenthede skep. Deur sy Woord bring Hy mense tot ware insig en die waarheid. Hy bevry ons van ons partydigheid, en behaal die oorwinning oor kulturele vooroordeel wat ons vermoë om die waarheid te sien, belemmer. Uit die slawerny van slegte gewoontes stel Hy ons vry. Een ding moet voor oë gehou word terwyl ons so vir Jesus getuig: dat ons medewerkers van die Heilige Gees is. Hy gaan voort, om harte voor te berei op die evangelie. Hy staan ’n mens ook by – deur sy stille influistering wanneer jy iemand met ’n weldaad verras, wanneer jy jou getuienis met iemand deel, wanneer jy ’n bybelstudie aanbied, wanneer jy leesstof uitgee en so die waarheid verkondig, of wanneer jy aan ’n evangelisasieveldtog/poging deelneem. Wat meer is, Hy sal, lank na jou besoek, aanhou werk met die persoon teenoor wie jy getuig het; en Hy sal alles in sy vermoë doen om daardie persoon te help verstaan wat verlossing beteken en behels.

## **Vrae vir bespreking:**

- 1. Dink aan ’n keer toe jy op ’n aanvoelbare wyse die kragtige werking van die Heilige Gees in jou getuienis vir Christus ervaar het. Deel dit met die res van die klas.**
- 2. Was jy al ooit bang of benoud oor die feit dat jy vir Christus moes getuig? Hoe word daardie vrese algaande deur jou nuutgevonde kennis oor die sending van die Heilige Gees besweer? Hoe bied dit jou geloofsekerheid terwyl jy getuig?**
- 3. In hierdie week se les het ons na die soort dinge gekyk wat die Heilige Gees doen terwyl ’n mens getuig. Bespreek nou ’n aantal maniere waarop die Heilige Gees aktief by die gelowige se getuienis-pogings betrokke is. Hoe rus die Heilige Gees ’n mens toe, beide om te getuig vir Christus en om betrokke te wees by die mense teenoor wie jy getuig?**
- 4. In die les het ons gesien hoedat die Bybel die kernelement in ons getuienis vir Christus is. Hoekom is die Skrif so onontbeerlik in ons geloofslewens en ons getuienis vir Christus? Party Christene beweer dat hulle in die Bybel glo en tog ondermyn hulle op ’n subtile wyse die gesag en getuienis van die Woord. Hoe gemaak om nie in daardie strik te beland nie?**